

### **Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril.**

Donovan Lawrence, Michael le Cordeur, Linette van der Merwe, Corné van der Vyfer, Ronel van Oort. Kaapstad: Oxford University Press, 2014. 416 pp. ISBN: 978-0-19-599736-1.

DOI: <http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v.53i1.28>

Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril is 'n praktiese en bruikbare boek wat in 2014 verskyn het vir Afrikaanstaalonderwysers en -studente.

Alhoewel die boek gemik is op onderwysstudente, is dit ewe bruikbaar vir onderwysers wat Afrikaans onderrig. Afrikaanstaalonderwysers is dankbaar vir enige boek wat op die mark verskyn wat kan help met die onderrig van Afrikaans—beide as Huistaal en as Eerste Addisionele Taal. Daar is veral 'n leemte wat 'n goeie omvattende gids of bruikbare materiaal betref wat nie net op universiteitsvlak deur Afrikaansonderwysstudente gebruik kan word nie, maar ook deur Afrikaanstaalonderwysers wat tans in die klaskamers staan.

Die titel voorspel wat die fokus van die boek is, naamlik 'n nuwe en 'n vars blik op Afrikaansmetodiek. Daar word dus deur 'n nuwe bril gekyk na die onderrig van Afrikaans; vanaf die grondslagfase tot op die vlak van Verdere Onderwys en Opleiding. Dit is daarom 'n heel omvattende gids wat eerstens aan die Afrikaansonderwysstudent die nodige hulpmiddele en vaardighede gee om met vertroue en genoegsame ondersteuning die onderwysberoep te betree. Voorts bied dit aan ervare Afrikaansonderwysers 'n nuwe perspektief

op die veranderinge wat in die onderrig van Afrikaans plaasgevind het; asook hoe dit tans daarna uitsien.

Die eerste afdeling, "Inleidend", bied 'n teoretiese, maar ook praktiese, oorsig wat as basis dien vir die res van die boek. In Afdeling A word onder meer indringend na die konsepte taal en Afrikaans gekyk; voordat die fokus op die eienskappe en riglyne vir 'n suksesvolle Afrikaansonderwyser geplaas word. Die eerste gedeelte van die afdeling kontekstualiseer die konseptuele raamwerk wat in die boek gebruik word, deur te verwys na hoe enkele taalverwerwingsteorieë die grondslag vorm vir die huidige kurrikulumsdokumente, soos die KABV. Daar is ook verwysings na benaderings, metodes en tegnieke wat in die leer en onderrig van Afrikaans gebruik word. Verblydend in die tweede hoofstuk is dat die verskillende variëteite van Afrikaans onder die loep kom ten einde die Afrikaansonderwyser die nodige toerusting te gee om die leer en onderrig van Afrikaans in 'n meertalige en -kulturele land te kan hanteer. Die praktiese inligting, oor onder meer klaskamerdisipline, die gebruik van taalhandboeke en kies van gepaste tekste, wat in die derde hoofstuk vir die Afrikaansonderwyser gegee word, dien as verdere bewys van die bruikbaarheid van die boek.

Die Afrikaansonderwyser kry in die eerste afdeling van die boek die nodige teoretiese grondslag vir die tweede afdeling wat fokus op taalvaardighede. Afdeling B, "Taalvaardighede", bestaan uit vyf hoofstukke wat 'n geïntegreerde

benadering volg met die doel om verskillende taalvaardighede, soos luister en lees; lees en kyk; skryf en aanbied en letterkunde-onderrigtegnieke, te bespreek. Die afdeling integreer nuttig die eise van die KABV-beleidsdokumente met die praktiese onderrig van Afrikaans as Huistaal en as Eerste Adisionale Taal op alle vlakke. Praktiese voorbeelde en oefeninge word telkens gebruik as illustrasie en dien om die Afrikaansonderwyser verder prakties toe te rus vir die klaskamer. Die gedeeltes oor die gebruik van tegnologie in die taalklaskamer en die verband met die werklike wêreld buite die klaskamer toon dat die samestellers tred gehou het met die ontwikkeling in taalonderrig en berei die Afrikaansonderwyser voor nie net vir die huidige klaskamertoestand nie, maar ook vir die toekoms.

Afdeling C is veral nuttig vir die Afrikaansonderwyser aangesien hierdie afdeling illustreer hoe teorie en praktyk bymekaar kan uitkom. Die afdelingstitel is heel gepas: **“Bou ’n brug: Afrikaans-onderrig in die praktyk”** want dit is wat die afdeling doen: om ’n brug te bou tussen die teorie en praktyk – ’n aspek wat baie belangrik is vir die suksesvolle leer en onderrig van Afrikaans. Etlieke voorbeeldesse word gebruik ten einde aan die Afrikaansonderwyser te toon hoe om die praktiese toepassing met die teorie te versoen. Weer eens is die fokus op die leer en onderrig van Afrikaans op alle vlakke van onderrig en vir huistaal- en tweedetaalsprekers van Afrikaans. Die samestellers het ook nie die assessering van die verskillende

vaardighede soos lees en luister vergeet nie en dit deeglik in die voorbeeldesse geïntegreer.

Die laaste afdeling, *“In ’n neutedop”*, verskaf inhoudelike vakkennis, sowel as taal- en letterkundebegrippe wat die Afrikaansonderwyser nodig het. Hierdie afdeling bied nuttige verwysings na verskeie voorbeelddokumente en webwerwe wat gebruik kan word.

Ander kenmerke wat Afrikaansmetodiek deur ’n nuwe bril vernuwend en bruikbaar maak, is dat elke hoofstuk onder meer die volgende bevat: *“Klip inni bos”*, wat interessantheide verskaf waaroor die Afrikaansonderwyser kan gaan dink; *“E-toep”*, wat toon hoe die rekenaar prakties in die klaskamer gebruik kan word en *“Toep”*, wat praktiese toepassings van kernkonsepte in die klaskamer illustreer. Voorts word in elke hoofstuk vetgedrukte kernkonsepte; interessante en bruikbare tekste en uitgebreide oefeninge verskaf.

Enige boek wat verskyn wat die Afrikaansonderwyser kan help om Afrikaans te onderrig, is welkom. *Afrikaansmetodiek deur ’n nuwe bril* is saamgestel met die spesifieke doel om die Afrikaansonderwyser binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te help om die uitdagings van die Afrikaansstaalklaskamer die hoof te bied. Dit is uiters bruikbaar en nuttig vir Afrikaansonderwysstudente én die Afrikaansonderwyser.

Elbie Adendorff  
elbie@sun.ac.za  
Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch